Datum: 31 Augustus 2026

## PENSIOEN OMSENDSKRYWE NR: 4 van 2026
## BEGRAFNISSKEMA

**AAN : ALLE LEDE VAN DIE PREDIKANTE EN AMPTENARE PENSIOENFONDS**

**HERSIENING VAN DIE BEGRAFNISSKEMA VIR DIE NG KERK VAN TRANSVAAL: PREDIKANTE EN AMPTENARE PENSIOENFONDS**

Die Bestuurskomitee van die NG Kerk van Transvaal Predikante en Amptenare Pensioenfonds het die begrafnisskema hersien vir die volgende redes:

- Om die dekkingsbedrag aan te pas om sodoende vir alle lede dieselfde voordeel te bied.
- Om die betalingsstruktuur te vereenvoudig om sodoende die premie saam met die fondsbydraes en risikovoordele maandeliks via die Sanlam aanlyn proses te betaal.

Die begrafnisskema is 'n verpligte skema vir alle lede van die fonds. Die begrafnisskema bied tans die volgende opsies:

| Voordeel | Opsie 1 premie | Opsie 2 premie |
|---|---|---|
| R15 000 dekking | R 16.80 | R36.00 |
| R5 000 opsionele aanvullende dekking | R18.00 | R21.60 |
| **Totaal** | **R34.80** | **R57.60** |
| | Lid geniet dekking solank die lid indiens van die werkgewer is. | By aftrede op normale aftree ouderdom van 65 jaar ontvang die lid 'n opbetaalde sertifikaat. Dekking gaan voort sonder enige verdere premies tot en met afsterwe |

Met die aanvang van lidmaatskap kry die lid 'n eenmalige keuse om die gepaste opsie te kies asook die aanvullende voordeel. Die opsie gekies by aanvang van lidmaatskap bly van krag tot en met uitdienstrede of aftrede. Vir die begrafnisskema is daar nie 'n jaarlikse keuse om van opsies te verander nie.

NG Kerk van Transvaal Predikante en Amptenare Pensioenfonds: Deelnemend aan die Sanlam Sambreelfonds
Alpineweg 330, Lynnwood, 0081
E-pos:rehan@pensioene.co.za; rehan@noordsin.co.za
Tel: 083 2887756
Pensioenfondsbestuurder: Ds Rehan Rheeder

Vanaf 1 Oktober 2026 sal die begrafnisskema opsies soos volg wees:

Die begrafnisvoordeel verhoog na R20 000 vir alle aktiewe lede en die aanvullende dekking word gekanselleer.

| **Voordeel** | **Opsie 1 premie** | **Opsie 2 premie** |
|---|---|---|
| R20 000 dekking | R22.40 | R48.00 |
| **Totaal** | **R22.40** | **R48.00** |
| | Lid geniet dekking solank die lid indiens van die werkgewer is. | By aftrede op normale aftree ouderdom van 65 jaar ontvang die lid ‘n opbetaalde sertifikaat. Dekking gaan voort sonder enige verdere premies tot en met afsterwe |

Hierdie beteken dat lede tans op beide Opsie 1 en Opsie 2 met aanvullende voordele se premies sal verlaag.

Vir lede wat tans nie die aanvullende voordele gekies het nie sal premies ietwat verhoog.

Alle lede tans nie lid van die begrafnisskema gaan outomaties tot Opsie 1 toegetree word teen ‘ n premie van R22.40 per maand.

Vriendelike groete

**DS REHAN RHEEDER**
**PENSIOENFONDSBESTUURDER**
**0832887756**

NG Kerk van Transvaal Predikante en Amptenare Pensioenfonds: Deelnemend aan die Sanlam Sambreelfonds
Alpineweg 330, Lynnwood, 0081
E-pos:rehan@pensioene.co.za; rehan@noordsin.co.za
Tel: 083 2887756
Pensioenfondsbestuurder: Ds Rehan Rheeder